COMMUNITY NEWSPAPER

25 September 2026

# Gans Berg Nuus/News

PRICE R15.00

322 Edition

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

| Borskankerstappe | OK Foods se Trolley Run | Die Brakke van Brakfontein | South African artist win | Bietoubossers kuier saam |
|---|---|---|---|---|

# SD Fourie se vlam brand steeds helder


SD Fourie, Strandveld se befaamde skrywer.

SD Fourie, bekende en befaamde skrywer van Franskraal, of dan eerder van haar geliefde Strandveld, doen dit toe weer met haar vyfde roman, *Vlam van die Sprokkelhout* - dit wys ook heen op haar eie




skrywersvlam wat steeds brand! Daar is eenvoudig geen einde aan haar intense liefde vir skryf en navorsingswerk nie - met die klem op deeglike navorsing. Die boekbekendstelling in die Hermanus Biblioteek is deur die uitgewers Jonathan Ball en Queillerie, in samewerking met die biblioteekpersoneel, gereël. Lizè Richter, assistentbibliotekaris, het die amptelike verwelkoming in die stampvol vertrek gedoen, waarna Nadine Petrick, bekwame joernalis en onderhoudvoerder, met SD gesels het.

Met verwysing na SD se vyfde roman, is dit baie lig gestel - tussendeur was daar 'n magdom skryfwerk wat oor jare heen die lig gesien het en waaroor gereeld berig is, insluitend radiodramas en hoorbeelde wat oor RSG uitgesaai is en wat ook SD se geliefkoosde genre is, waarvoor sy al verskeie pryse ontvang het. 'n Besonderse boek vir Gansbaai, *Gansbaai, 'n besondere streek en sy mense*, het in 2016 die lig gesien, met SD en haar eggenoot, wyle Jan (Pyp) Fourie, as skrywers en samestellers.

Terug by SD, Nadine en *Vlam van die Sprokkelhout* - dít waaroor die gesellige aand eintlik gegaan het. Op 'n vraag van Nadine het SD, soos net sy dit kan doen, met die deur in die huis geval: "Ek is eintlik Sophia Dorothea wat SD geword het, en my pa was 'n uithaler-'liegstorieverteller' en ek het by hom leer lieg!" Sy het vertel dat sy op skool al opstelle vir haar medeskoliere geskryf het - "natuurlik teen betaling!" Nadine het behoorlik 'n legio inligting uit SD gekry - te veel om alles hier te herhaal: van haar skryfwerk sedert haar 15-jarige ouderdom tot by 'n verskeidenheid boeke, geskiedkundige werke, radiodramas, hoorbeelde en noem maar op.
Die uitstekende gesprek, wat Nadine op 'n rustige wyse hanteer het, is terdeë deur die gaste geniet. Daarna het SD insiggewende inligting uit die boek met die gaste gedeel - 'n gesprek wat weer eens haar intense liefde vir die Strandveld en sy geskiedenis beklemtoon het, asook die absolute deeglikheid van haar navorsingswerk.

***Vlam van die Sprokkelhout***
Maré l'Abillionni het soos 'n tak van die moederboom afgebreek - vanaf die Dourovallei in Portugal reis sy na Madagaskar om na haar lank verlore niggie te soek. Jare later, in 1766, gaan sy aan boord van die slaweskip *Meermin* wanneer gevaar op die eiland dreig. (Die interessante geskiedenis van die *Meermin* is agter in die boek aangebring.) Teëspoed volg Maré egter en sy spoel op die strand by Struisbaai uit. Sy is sprokkelhout. Opgebreek in stukke in 'n vreemde land waar almal oor haar kan uitsprake lewer. Maré se vlam is egter nog lank nie geblus nie, soos Matthys Lourens maar te goed besef wanneer hulle paaie kruis. Hetta Uys, getaak met die opruiming en verkoop van haar ouma se "spookhuis", beland 258 jaar later op Agulhas. Ook gebreek soos sprokkelhout, omdat haar bruidegom haar voor die kansel op Struisbaai gelos het en sy haar pos as joernalis verloor het.


SD Fourie in onderhoud met Nadine Petrick (regs).


'n Trotse SD Fourie saam met haar geliefdes.
Vlnr is Gita (kleindogter, een van die skrywers van Binnelanders), Lourens en sy vrou Johlene, SD Fourie, Marinda en Wehan (oudste seun en Gita se pa) - almal Fouries!

Wanneer 'n nutsman 'n stokoue dagboek in die huis ontdek, word Hetta ingetrek in 'n lank vergete storie wat haar toekoms kan bepaal. Al lê daar eeue tussen hulle, stook al twee dié vroue 'n vuur in die Strandveld - twee vroue, twee eras en die Strandveld.

Die boek se uniekheid lê daarin dat dit die geskiedenis van slawerny, Struisbaai en die Strandveld met 'n hedendaagse verhaal van verlies, identiteit en ontdekking verweef. Graffiti Books beskryf die boek as 'n deeglik nagevorsde historiese én kontemporêre roman.

Om hierdie besondere boek aan te skaf, kan SD Fourie by 082 255 8509 geskakel word.

Die Gans-Berg Nuus wens hiermee vir SD baie geluk met haar vyfde roman, maar sommer ook met al haar skryfprestasies oor jare heen - 'n ware trots en aanwins vir Groter Gansbaai.

**Hardus Botha**

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




# Uit die as groei nuwe lewe

Elim se Blommefees, wat op 3 Oktober 2026 plaasvind, is 'n geleentheid wat die moeite werd is om by te woon. Ná die verwoestende brande van nege maande gelede is die tema van vanjaar se Blommefees: *Waar die as gloei, sal die blomme bloei*.

Dit gaan 'n lekker fees vir die hele gesin wees, met pragtige uitstallings en gesonde vermaak vir oud en jonk en genoeg stalletjies. Elim se alombekende Morawiese Basuinkoor sal onder andere *An Hour of Music* aanbied. Daar is ook 'n talentkompetisie, trompoppies, brigades, Spiritual Dancers en baie meer. Kom ontspan met 'n heerlike koppie tee en lekker plaaslike gebak, terwyl braaivleis, worsrolletjies, gebakte snoek en ander versnaperinge te koop aangebied sal word.

Vir die eerste keer sal bonsaiboompies ook uitgestal word, en u kan selfs u eie bonsaiboompie aanskaf. Vir die natuurliefhebbers sal daar 'n uitstappie na Geelkop wees, aangebied deur kundiges van die Botaniese Vereniging. Wees ook deel van die bekendstelling van Caureen Cloete se digbundel en verkry 'n getekende kopie.

Maak 'n nota van die datum: Saterdag, 3 Oktober 2026 in Elim. Die kontaknommer vir navrae is 028 482 1750.

**Hardus Botha**




# Naweek vol gesellighede

Ja-nee, komende naweek is weer een van dáái naweke waar daar sommer heelwat gesellighede gaan plaasvind. Die Gans-Berg Nuus herinner sy lesers aan van die belangrikste gebeurtenisse.

Eerstens is daar Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes (HaS) se gewilde basaar op **Vrydag, 25 September 2026, vanaf 10:00**. Onnodig om te sê hoeveel daar te doen, te ete en te geniet is - iets vir almal! Koeke, groot en klein, pasteie, verskeie soorte afval, egte basaarpoeding, varsgebakte brode, pannekoek, stalletjies en kinderpret! Kom kuier, kom koop, kom eet en kom geniet - en help terselfdertyd om 'n verskil in die lewens van HaS se inwoners te maak.

Nóg 'n gewilde basaar is dié van die VGK-gemeente in die VGK-kerkgebou en -saal in Blompark op **Saterdag, 26 September 2026, vanaf 09:00**, met eweneens meer as genoeg om te eet en te drink. Soos by HaS se basaar, sal daar iets van alles weesom te geniet. Gaan maak gerus 'n draai en geniet ook die VGK se basaar, terwyl die gemeente terselfdertyd op hierdie wyse ondersteun word.

Dan is daar **Saterdag, 26 September 2026**, die jaarlikse Galjoenkompetisie van die NG-gemeente, onder leiding van Riaan Booysen, by die Birkenhead Boothengelklub in die Gansbaai-hawe - ook vir 'n goeie doel. Hengeltyd is vanaf 07:00 tot 18:00. "En 'n op-die-einde-donasie sal steeds welkom wees," vertel Riaan, wat by 074 203 6658 gekontak kan word.




Laastens moet die **Rewilding Greater Gansbaai Festival**, wat van **Donderdag tot Saterdag, 24-26 September 2026**, by Groeneweide plaasvind, nie vergeet word nie - 'n drie-daagse markfees sonder weerga! Daar is 'n *Alien Army Challenge* vir die uitroei van onwelkome plantspesies, stalletjies, kinderkuns en -pret, insiggewende praatjies deur kundiges en baie, baie meer!

Die Gans-Berg Nuus wens sy lesers 'n gesellige en genotvolle naweek toe!

**Hardus Botha**






# Borskankerstappe om die draai - vier Woensdae in Oktober

"Ons is weer besig met die reëlings vir Oktobermaand se Borskankerstappe om bewusmaking te bevorder," het Annaleen Genade, self 'n borskankeroorlewende (*surviver*), die Gans-Berg Nuus meegedeel. "Hermanus R4R (*Reach for Recovery*) gaan weer funksies en praatjies daar aanbied, maar ek en Antionette Jooste gaan, op aanvraag, weer 'n Borskankerstap in Franskraal reël - maar vanjaar op 'n heel ander manier."


*Die pragtige quilt wat deur middel van lootjies gewen kan word.*

Annaleen het na die baie aktiwiteite op Saterdae verwys en 'n belangrike besluit is geneem: Waarom nie gedurende die week stap nie, maar dan sommer vier Borskankerstappe om almal, insluitend werkende mense, die geleentheid te bied om deel te neem? "Ons het toe besluit om vanaf die begin van Oktober elke Woensdagmiddag 'n stap te reël. Die staptye is 17:30 vir 18:00: 7de, 14de, 21ste en 28ste Oktober 2026," het sy opgewonde oor hul nuwe benadering vertel. "Dieselfde roete sal elke keer gestap word - vanaf Franskraal se parkeerarea na Blousloep en terug."

Annaleen sê daar sal elke Woensdag 'n ander onderwerp bespreek word: 7 Oktober - meer oor Reach for Recovery (R4R); 14 Oktober - die belangrikheid van selfborsondersoeke; 21 Oktober - die Ditto-projek en silikoonprosteses; 28 Oktober - die afsluiting en 'n woord van dank, met smaaklike boereworsrolle wat beskikbaar sal wees. Daar word ook beplan om weekliks donasies vir elke staptog te vra.

Belangstellende stappers moet die week voor die betrokke stap by Annaleen RSVP, sodat die organiseerders 'n idee van die aantal deelnemers kan kry. Daar sal elke week 'n "ietsie" aan die deelnemers oorhandig word. "Ons gaan ook probeer om elke week pryse te oorhandig," laat Annaleen die aap uit die mou! 'n Verdere versoek is dat deelnemers iets pienk moet aantrek of saamdra. Pienk lappe sal ook weer op pale langs die roete aangebring word.

Die afsluiting van die staptogte op 28 Oktober 2026 sal, soos vorige jare, deur opwinding, pryse en worsbroodjies gekenmerk word. Annaleen hoop dat Franskraal Rolbalklub se saal weer beskikbaar sal wees. Indien nie, sal deelnemers vroegtydig in kennis gestel word. Die kersie op die koek is 'n pragtige quilt wat deur middel van lootjies gewen kan word. Die quilt is deur 'n borskankeroorlewende, wat intussen oorlede is, gemaak en aan Reach for Recovery geskenk. Maak dus seker om 'n lootjie te koop - dit is 'n besondere en pragtige quilt!

Vir enige navrae, of om te RSVP, of om donasies te gee, kan Annaleen Genade by 072 523 0650 gekontak word, of 'n e-pos aan haar gestuur word by annaleengenade@gmail.com.

**Hardus Botha**

# Mark blits deur OK Foods se Trolley Run

Mark Arendse van Laerskool Gansbaai (LSG) het Saterdag, 12 September 2026, tussen die rakke van Gansbaai OK Foods 'geblits' en binne net een minuut twee oorvol trollies met kruideniersware ter waarde van sowat R3 000 volgemaak - pragtig, Mark! Hierdie jaarlikse oophand vir LSG van Gansbaai OK Foods verskaf jaarliks groot vreugde.

"Hierdie jaarlikse instelling van Gansbaai OK Foods is opwindend, vinnig en propvol pret," het LSG se Mediaspan laat weet. "'n Groot dankie aan Gansbaai OK Foods wat hierdie besondere en lekker geleentheid jaar ná jaar moontlik maak."

**Hardus Botha**


*Opgewonde LSG-leerders met die twee oorvol trollies.*


*Daar word angstig by die kassier gewag om te hoor wat die bedrag vir Mark Arendse se twee trollies is.*

FYNBOS
POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINEPOLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

Prag
LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET, HERMANUS
083 660 9115

GUTHRIE & THERON
PROKUREURS
DIENSTE
GRATIS TESTAMENTE
Oordragte, Boedels & Kontrakte
Ervare prokureurs
Persoonlike benadering
contact@gtlaw.co.za
Kontak ons
Gansbaai: 028 384 0100
Caledon: 028 212 1060

Overberg Scaffold & Machine Hire
Verhuring van alle boutoerusting:
Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)
Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)
Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.
Industriële Sirkel, Industriële Area
Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676

# 'Die Brakke van Brakfontein' kry nuwe betekenis in Blompark

Verlede week, 16-18 September 2026, kan 'n mens met die tong in die kies met Al Debbo se liedjie *Die Brakke van Brakfontein* vergelyk - dit was net honde-dinge in Blompark! Woensdag was daar die gratis sterilisasie van honde en katte tydens Community Animal Action (CAA) se Sterithon op Blompark se sportgronde; Donderdag het die Departement Landbou se Veeartsenydienste gratis hondsdolheids-inspuitings voor die Blompark Gemeenskapsaal toegedien, en Vrydag is inwoners gewaarsku teen die teel van hondjies sonder 'n lisensie, wat teen die wet is.



***In afwagting op sterilisasie.***



***Gerrie Maritz en Cynthia Moletsane tydens die toediening van die hondsdolheids-inspuitings.***

Ses-en-veertig honde is Woensdag deur CAA se jongste Sterithon by die Black Leaves Rugbyklub in Blompark gesteriliseer. CAA het reeds drie groot gemeenskaps-Sterithons aangebied, met die ondersteuning van EberVet Community Veterinary Care en die EberVet Vetshops-spanne. BARC (Birkenhead Animal Rescue Centre) was betrokke by die vervoer van diere, terwyl Franco Visser, 'n vrywillige BARC-werker, die sterilisasiespan bygestaan het. Die Sterithon is die vlagskipinisiatief van CAA, wat ongeveer 'n jaar gelede deur Adele Kok en Sheryll Steyn gestig is. Oor die afgelope jaar het CAA die sterilisasie van 232 honde en katte gefasiliteer en in 77 gevalle hulp met veeartsenykundige sorg gebied. Op 26 September hou CAA 'n opvolgkliniek waartydens die steke van die gesteriliseerde honde verwyder sal word.

Donderdag was die Departement Landbou se Veeartsenydienste bedrywig met die toediening van gratis hondsdolheids-inspuitings voor die Blompark Gemeenskapsaal. Gerrie Maritz en Cynthia Moletsane, twee dieregesondheidstegnici van die departement, het vir hierdie gratis diens gesorg. 'Moeilike' honde is sommer in die motors ingeënt.



Vrydag is moeite gedoen om 'n waarskuwingsbrosjure oor die teel van hondjies sonder 'n lisensie te versprei. Die nadele van dié praktyk is onder die gemeenskap se aandag gebring. BARC se Nols Jonas kan in hierdie verband by 083 742 3903 gekontak word, asook vir die aanneming van diere. Tans is BARC se hokke vol, met 12 groot honde, 15 klein hondjies, vyf groot katte en sewe klein katjies.

**Hardus Botha**

Gans-Berg Nuus/News

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

**Hardus:082 786 0494**

**info2@gansberg.co.za**

# HaS-kamers beskikbaar

Herberg-aan-See (HaS) het 'n huis in Hoopstraat ingerig om addisionele huisvesting aan Gansbaai se bejaardes te voorsien. Die netjiese huis is direk agter HaS se agterkant in Hoopstraat. Daar is tans nog twee kamers beskikbaar wat die Beheerraad van HaS graag onder die publiek se aandag wil bring. "Ons wil graag die kamers so gou moontlik vul," sê Nicholene Richards, een van HaS se Beheerraadslede. Lynette Andrews, bestuurder van HaS, kan vir verdere inligting by 072 737 1039 gekontak word, of 'n e-pos kan aan haar gestuur word by herberg003@gmail.com.

**Hardus Botha**



***HaS se netjiese huis in Hoopstraat.***







# South African artist first to win double award at RHS Art Show



The artist, Jenny Hyde-Johnson.




Jenny Hyde-Johnson's award-winning painting.

Jenny Hyde-Johnson has become the first South African artist ever to win both the *Best Botanical Art Exhibit* and *Best Botanical Artwork* prizes in the same year at the *Royal Horticultural Society* (RHS) *Botanical Art and Photography Show 2026*. She also won a coveted RHS Gold Medal for her work exhibited earlier this year at the show held at the Saatchi Gallery in London. “All this is beyond my wildest hopes, and it still feels like a dream,” says Jenny. “This project was a mega tick on my dream list.”

Jenny's paintings are part of the professional Florilegium at Grootbos Private Nature Reserve outside Gansbaai. In 2019, Jenny was invited to Grootbos Private Nature Reserve to illustrate plants for their Florilegium, and she has been fortunate to paint their fynbos ever since. Jenny focused on limestone endemics for her entry - species found only in a specific location - in the Western Cape region. The judges said her works, *Fynbos Diversity of the Coastal Limestones on Grootbos* and *Syncarpha argyropsis* and *Erica coccinea in Degrading Limestone*, showed outstanding skill in showcasing the ecology of this unique area.

Two 'Willems', Willem Botha from Vermont and Willem van Heerden from Pretoria, were part of Jenny's *Fynbos Journey* for 2½ years. She referred to them as her 'sweet 2 Willems' for what they did to help her win the awards. Willem Botha explained: “My involvement in the 'Fynbos Journey' was to produce a video that introduced Jenny, her journey in painting the plants, as well as the plants and their environment, to the judges at RHS. I was responsible for editing the video as well as filming everything Jenny did here at Grootbos. “My almost lifelong friend from school, Willem van Heerden, is the expert cameraman who filmed Jenny and the process taking place at her home in Kalkheuwel, Gauteng. Together, we had quite a few discussions with Jenny in terms of how we were going to do this. It was an absolute pleasure to produce this video for her and to see all her hard work being recognised at the most prestigious botanical art exhibition in the world. She is one of the most humble and patient people I have ever worked with, and I am so grateful that I had the opportunity to be a part of this 2½-year journey/project.”

Jenny went above and beyond to create the paintings, travelling six hours from her home to encounter the rare plants during a process that spanned five years. “There were so many unknowns,” Jenny says of the project. “I felt I'd set the parameters so unachievably high that I shelved it a number of times before I found the courage to keep going.” Delicate miniatures of the coastal landscapes feature prominently in her work to give regional context. “The area's geographical beauty and rich variety of plants were inspiring to an artist's soul,” she added.

Jenny trained as a graphic designer and ran and co-owned a graphic design studio for more than 20 years. She has always been very passionate about nature and started painting birds in her teenage years. In 2006, she was introduced to botanical art via a call for submissions for a Kirstenbosch Biennale exhibition, where she won a Gold Medal. What a remarkable artist and woman - and her paintings can be seen in the Florilegium at Grootbos Private Nature Reserve.
*(Pictures: Anita Botha)*

**Hardus Botha**









# Bietoubossers kuier saam met voormalige burgemeester

Dit was weer tyd vir die Bietoubos Dameskklub se gesellige byeenkoms, hierdie keer met dr Annelie Rabie, 'n voormalige Overstrandse uitvoerende burgemeester, as gasspreker. “Annelie is 'n uitstekende spreker en duidelik iemand wat nie bang is vir harde werk nie,” het Marie de Jager van die klub gesê. “Waar daar 'n brand is, of pale word omgewaai of wat ook al, Annelie is daar!”

“Ek gaan nie vandag oor politiek gesels of enige partypolitiek met julle bespreek nie - ek gaan nie eens na enige politieke party verwys nie,” het Annelie met die deur in die huis geval. “Ek wil eerder praat oor wat goeie regeerkunde is, hoe dit 'n mens beïnvloed en of dit 'n moeilike werk is om 'n openbare verteenwoordiger te wees.” Sy het na die Griekse woord vir politiek, *politikos*, verwys en gesê dat politiek vir haar kos is! Tydens haar gesprek het Annelie ook gesê dat daar drie verskillende stembriewe op verkiesingsdag gaan wees. Sy het die verskillende stembriewe aan die dames verduidelik en 'n voorbeeld van elkeen gewys.

Annelie het op 'n insiggewende wyse die verskillende vlakke van regering verduidelik, asook die verskil tussen 'n 'C'- en 'n 'B'-munisipaliteit. “Baie mense verwag van 'n burgemeester om alles te doen en wanneer hulle iets vra, dan moet dit dadelik gedoen word,” het sy gesê. “Maar die burgemeester kan nie inmeng in die administrasie nie, ongeag of hy of sy 'n uitvoerende burgemeester is of nie.” Sy het beklemtoon dat dit die verantwoordelikheid van die munisipale bestuurder is - hy is die hoof van die administrasie.

“Soms is dit baie moeilik om tussen feite en fiksie te onderskei, veral op sosiale media waar mense jou maar lekker uitmekaar kan trek,” het sy gesê. “Dit is belangrik om openbare verteenwoordigers ook in julle gebede in te sluit - ons is ook mense wat feilbaar is en het ook persoonlike omstandighede wat 'n mens soms kan beïnvloed.” Sy het gesê dit is baie maklik om 'n openbare verteenwoordiger aan te val en uitmekaar te trek - “maar tensy jy 'n dag in iemand anders se skoene geloop het, kan jy nie eintlik oordeel nie.”

Ida Muller het 'n blyk van waardering aan Annelie oorhandig, terwyl Corra Helberg die gelukstrekking gewen het. Die Bietoubos-dames stel nooit teleur waar dit by smaaklike verversings kom nie, en die gasvrouens het weer net die beste en verleidelikste eetgoedjies gereed gehad.

**Hardus Botha**


*Annelie Rabie (regs) ontvang 'n blyk van waardering van Ida Muller.*


*Die gasvrouens, met Annelie Rabie in die middel.*


*Corra Helberg (regs) ontvang die geluktrekkingspakkie van Ida Muller.*

# “Die Overberg is meer as 'n distrik - dit is ons tuiste!”



*Dr Annelie Rabie, ODM Burgemeesterskandidaat saam met Raadsheer Sakkie Franken, tans ODM Burgemester.*

“Die Overberg is meer as net 'n distrik - dit is ons tuiste!” het dr Annelie Rabie, gesê. Dit was tydens die Demokratiese Alliansie (DA) se geselligheid by die pragtige Zilvermijnbosch Estate buite Stanford - vir die bekendstelling van dr Annelie Rabie as die DA se Burgemeesterskandidaat vir die Overberg-distriksmunisipaliteit (ODM).

Past Idy Adams het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen, waarna die seremoniemeester, Lian Jacobs, vir Rikus Badenhorst, DA-Lid van die Parlement en bekleër van verskeie ander portefeuljes, aan die woord gestel het vir die amptelike verwelkoming. Sprekers het onder andere die volgende ingesluit: Tertuis Simmers, Wes-Kaapse Minister van Infrastruktuur, Leier van Regeringsake in die Wes-Kaapse Kabinet, DA Wes-Kaapse Provinsiale Leier en Kiesafdelingshoof vir die Overberg-distriksmunisipaliteit (via 'n video-opname, aangesien hy nie in persoon teenwoordig kon wees nie); Anton Bredell, Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning; Solly Msimanga, voorsitter van die DA se Federale Raad; past Jan Gelderblom; Raadsheer Sakkie Franken, tans burgemeester van die ODM; Carl Pophaim, Adjunk-Federale Voorsitter van die Demokratiese Alliansie. Enkele DA-kandidate van die Overstrand-munisipaliteit was ook teenwoordig, onder andere Clinton Lerm, DA-burgemeesterskandidaat.

Laastens is dr Annelie Rabie aan die woord gestel. “Ek staan hier met groot nederigheid, opgewondenheid en dankbaarheid teenoor die Demokratiese Alliansie wat weer eens bereid is om hierdie reuse-taak aan my toe te vertrou,” het Annelie gesê. Sy het na die verlede verwys en na wat reeds vermag is, en bygevoeg dat sy, veral met betrekking tot rampbestuur, baie lesse geleer het oor die belangrikheid van samewerking tussen munisipaliteite. “Ek het bykans 15 jaar se ervaring in distriksmunisipaliteite, waarvan die helfte spesifiek in die ODM was,” het Annelie gesê.

“My visie vir die ODM is eenvoudig: beskerm dit wat werk en verbeter dit wat saak maak, asook om voort te gaan met die bou van 'n bekwame, responsiewe distriksowerheid wat betroubare dienste lewer, ekonomiese uitbreiding en werkskepping ondersteun en waardigheid deur groei herstel,” het sy gesê. Annelie het verwys na enkele aspekte waaraan die ODM doelgerig aandag sal moet gee, onder andere Eskom, afvalbestuur, hospitale en klinieke, paaie - veral grondpaaie - die EPWP-program, waterkapasiteit en ander sake.

**Hardus Botha**


BUILDING
FOCUS



OVERBERG
ROLL ON LAWN
- Tuinbesproeiing
- Topsoil en Kompos
- Roll-on Lawn
- Snoei & afsaag van bome
- Rommelverwydering
- Skoonmaak van erwe & kleinhoewes
ALTUS DE WITT
082 773 7096 / 082 563 5792


J&A Sementwerke
Gansbaai
Blokke en stene
Retaining Blokke
Plaveiselblokke en Gas
Goeie gehalte, hoë MPA (sertifikaat beskikbaar)
Eldo Marais: 082 651 9373
Kantoor: 028 384 0494


THUNDER
SERVICES
Powering Your Projects!
SOLAR SYSTEMS
BUILDING & CONSTRUCTION
PAVING & CONCRETE
PAINTING & WATERPROOFING
ELECTRICAL • PLUMBING
FENCING & TILING WORK
SECURITY GATES & GARAGE DOORS
CALL US TODAY!
071 538 8262 - PAUL
073 859 8296 - CHARMAINE
081 376 1270 - SHOP
Facebook: Thunder Services


Paintworx
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External
Call Mike on 063 708 4283


All Site
Works
Chris Scheepers
066 217 4009
chrisjanscheepers@gmail.com
WE SPECIALIZE IN:
Gates Fences Balustrading
Tiling
Ceilings
Installations & Repairs to carports
Renovations
Paving
Building & Repairs to trailers


ROLL ON
TURF
INSTANT LAWNS. LASTING BEAUTY
PREMIUM KIKUYU
INSTANT RESULTS
QUALITY & RELIABLE
SOFT UNDERFOOT
LGS
OVERBERG
PTY LTD
IRRIGATION
INSTALLATIONS
SMART WATERING. HEALTHY GARDENS.
EFFICIENT SYSTEMS
EXPERT INSTALLATION
RELIABLE & DURABLE
HEALTHY GARDENS
ONE COMPANY.
COMPLETE SOLUTIONS.
Quality you can trust.
NEW LAWNS • LANDSCAPING • IRRIGATION SYSTEMS • MAINTENANCE
072 88 77 560
lgsoverberg@outlook.com
OVERBERG AREA
SERVING HOMES & BUSINESSES
Quality turf. Beautiful results. Smart irrigation. Greener tomorrow.


BUILDING FOCUS
End of October
Book your SPOT
Contact
Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211


Glomix 172 CC t/a
SAREL FOURIE BOUERS
082 225 9516 - sarelfourie1@gmail.com
CC Reg: 2010/116990/23 - VAT Ref: 4140258023


CORE FINISH
QUALITY TILING & RENOVATION
QUALITY TILING & RENOVATION FINISHES
Wall & Floor Tiling
Bathrooms & Kitchens
Repairs & Replacements
Waterproofing
New Builds & Renovations
RENOVATING OR BUILDING?
Let's finish it properly.
Call/WhatsApp:
074 950 5209


STEEL & PIPES
for AFRICA (Pty) Ltd
YOUR ONE STOP STEEL, TUBING and HARDWARE SHOP
Hermanus
OUR PRODUCTS
& SERVICES
ANGLE IRON
ROUND TUBE
SQUARE TUBE
CHANNEL
FLAT BAR
ROUND BAR
SQUARE BAR
REINFORCING CUT & BEND
WELDMESH
GALVANISING
FREE DELIVERY
Stanford
Gansbaai
Kleinbaai
Pearly Beach
Bredasdorp
Struisbaai
Riviersonderend
17 Mimosa Street, Hermanus Industrial
028 312 2053
Whatsapp 082 725 0801
adminh@spfa.co.za
www.spfa.co.za


GETYE / TIDES 2027
GANSBAAI & SURROUNDS
Be part of our 2027 Tides Booklet
Book your advert
Janine: 072 931 1431 - Erika: 072 499 5211 - Michelle: 078 010 8286

# Kierie in die een hand, graaf in die ander!




*Kieries en grawe, maar trotse bejaarde-glimlagte, met die projekleier, Marieta van Heerden, 4de van links.*

Die projek is deur Marieta van Heerden geloods, waarna die 'oues van dae' met groot entoesiasme en trots aan die werk gespring het. Hulle wou hul deel doen en help om die ingang van Blompark met plante op te helder en te verfraai. Die inwoners het daarmee gewys dat hulle trots is op hul woongebied en graag wil verseker dat besoekers by die ingang 'n warm en welkome indruk kry.

"Die plantprojek is 'n mooi voorbeeld van hoe 'n gemeenskap, ongeag ouderdom, kan saamwerk om 'n verskil te maak," sê Florence. "Die kleurvolle plantjies sal mettertyd verder groei en die ingang nog mooier laat vertoon." Sy sê die inwoners hoop dat hierdie projek 'n voorbeeld vir ander inwoners sal wees en hulle sal inspireer om ook saam te staan en hul omgewing met klein, maar betekenisvolle projekte te verbeter.

**Hardus Botha**

Die bejaardes van Silwerjare Dienssentrum in Blompark het besluit om 'n bydrae tot die verfraaiing van hul woongebied te lewer - kierie in die een hand en graaf in die ander - en plant het hulle geplant! "Die doel van hierdie projek was om die ingang van Blompark 'n vars en kleurvolle voorkoms te gee," vertel Florence Jones.





## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### EXPRESSIONS OF INTEREST

### 2027 WARD COMMITTEE ELECTIONS

The Overstrand Municipality hereby invites all registered organisations, sectors and geographical blocks to submit Expressions of Interest to participate in the upcoming Ward Committee Elections.

The purpose of this process is to determine the interest of organisations, sectors, and geographical blocks in serving on the ward committee. **A full nomination process will follow later in the year.**

Ward Committees play an important role in promoting community participation and providing a link between residents, community organisations, and the municipality.

**Organisation:** A formally established structure with a valid constitution that represents a specific interest of the community residing in the particular ward, for example Youth, Women, Religious Grouping, Ratepayers' Associations, Homeowners' Associations, etc (BUT not a political party).

**Sectors:** representing a broader scope of similar interests (umbrella body/structure) of the community for example: Sport & Recreation, Health & Welfare, etc.

**Geographical Blocks:** represents the interests of an identified geographical block (for example neighbourhood, extension, village) in a particular ward.

**Prescribed application forms can be obtained from:**
- Overstrand Municipality's website – www.overstrand.gov.za
- Office of the respective Managers: Community Liaison – Hermanus, Kleinmond and Gansbaai/Stanford.
- Local Libraries.

Completed applications must be submitted (physically/email) to the office of the mentioned Managers.

Submission of applications will open on **25 September 2026** and close on **12 October 2026**.

Contact detail for enquiries and submissions:
**Hermanus:** Ms N Mtholo (028 313 8112)
(nmtholo@overstrand.gov.za) (1 Magnolia Street, Hermanus)
**Kleinmond:** Mr A Ford (028 271 8400)
(aford@overstrand.gov.za) (33 5th Avenue, Kleinmond)
**Gansbaai/Stanford:** Ms M Middleton (028 384 8365)
(mmiddleton@overstrand.gov.za) (Main Road, Gansbaai)

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### KENNISGEWING VAN BELANGSTELLINGS

### 2027-WYKSKOMITEEVERKIESINGS

Die Overstrand-munisipaliteit nooi hiermee alle geregistreerde organisasies, sektore en geografiese blokke uit om belangstelling te toon om aan die komende Wykskomiteeverkiesings deel te neem.

